basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIOR SERTIFIKAAT/**
**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

**NOVEMBER 2020**

**NOORD-KAAP**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (In) Kaapstad | 1 |
| 1.2 | haar ouers vir haar 'n voorbeeld was | 1 |
| 1.3.1 | • Buite 'n winkelsentrum/Kaap/Kaapstad<br>• Onder 'n boom<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3.2 | • Oral in die Kaap<br>• Tot so ver as Upington<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4.1 | • 15 (jaar oud)<br>• Vyftien (jaar oud)<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.4.2 | • Sy moes haar ma se werk oorneem.<br>• Sy moes gaan blomme verkoop (sodat die gesin 'n inkomste kon hê).<br>• Haar ma het (te) siek geword (om blomme te verkoop).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.5 | • Sy wou eers iets anders met haar lewe doen.<br>• " (Eers wou sy graag haar skoolloopbaan voltooi en) iets anders met haar lewe doen ..."<br>*(Kandidate word nie gepenaliseer indien aanhalingstekens nie gebruik word nie.)* | 1 |
| 1.6 | • Dadija/Sy is die enigste een wat geld inbring.<br>• Haar man het nie werk nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.7 | • A<br>• elke dag geld verdien.<br>• A elke dag geld verdien.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.8 | • (Soms) reën (dit).<br>• (Soms waai) die wind.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br>1 |
| 1.9 | • Sy werk van nege-uur in die oggend tot halfsewe in die aand.<br>• Sy werk 9½ uur per dag.<br>• Sy werk langer ure as wat die gewone werksdag is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.10 | • Sy vra toestemming om op belangrike dae soos Valentynsdag of Kersfees haar blomme in die sentrum te mag verkoop.<br>• Sy betaal op belangrike dae soos Valentynsdag of Kersfees om haar blomme in die sentrum te verkoop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11.1 | • C<br>• Dadija kry haar proteas van hier af.<br>• C Dadija kry haar proteas van hier af.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.11.2 | • E<br>• Dadija se lelies kom van 'n plaas hier naby af.<br>• E Dadija se lelies kom van 'n plaas hier naby af.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.11.3 | • B<br>• Dadija laai haar blomme wat van ver af kom, hier op.<br>• B Dadija laai haar blomme wat van ver af kom, hier op.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.11.4 | • D<br>• Gedurende die week los Dadija haar blomme oornag hier.<br>• D Gedurende die week los Dadija haar blomme oornag hier.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.12 | (Met 'n stokou) bakkie | 1 |
| 1.13 | • Sy moenie te veel blomme koop nie.<br>• Sy moet weet watter blomme die meeste verkoop word/ gewildste is.<br>• Sy moet sorg dat die blomme genoeg water het/in die koelte staan.<br>• Sy moet haar besigheid so bedryf dat mense by haar sal wil koop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14 | • Dat sy (Dadija) nie regtig rede het om te kla nie.<br>• Dat sy gelukkig moet wees met haar omstandighede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.15 | • Dadija doen elke dag dieselfde dinge.<br>• Dadija verkies om onder dieselfde boom te sit as waar haar ma gesit het.<br>• Dadija wou niks anders doen as wat sy die afgelope sestien jaar doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.16 | • Al die kinders wat gaan studeer het, se studies is met blommegeld betaal.<br>• Die kinders kon verder gaan studeer met die blommegeld.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.17 | • Sy is gelukkig (al doen sy 'n eenvoudige werk).<br>• Sy bly altyd positief (al is haar lewe soms moeilik).<br>• Sy wil haar kinders alles gee wat hulle nodig het (al het sy nie baie geld nie).<br>• Sy doen die werk wat haar ma/familie al die jare gedoen het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.18 | • Dit is die plek wat sy uit haar kleintyd onthou/waar haar ma blomme verkoop het.<br>• Dit is die plek waar sy/haar ma geld verdien het (om kos te koop).<br>• Dit is die plek waar sy gelukkig voel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: GRAFIESE TEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.19 | (In) Johannesburg | 1 |
| 1.20 | plastiek | 1 |
| 1.21 | metaal | 1 |
| 1.22 | • plastiek<br>• PET-bottels<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.23 | • Hulle skep werk vir hulself/ander mense.<br>• Hulle hou die omgewing skoon.<br>• Hulle verminder die hoeveelheid vullis op vullishope.<br>• Hulle lewer 'n bydrae tot die ekonomie.<br>• Hulle spaar munisipaliteite baie geld.<br>• Hulle bevorder herwinning.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | • D<br>• dinge wat mense weggooi, verwerk en weer gebruik kan word.<br>• D dinge wat mense weggooi, verwerk en weer gebruik kan word.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

- **Volgorde van feite:**

  Die kandidaat hoef nie die volgorde van die feite net soos in die leesstuk weer te gee nie. Dit moet slegs logies volg.

## VRAAG 2: WAT JY MOET DOEN/NIE MOET DOEN NIE AS 'N POFADDER IEMAND AAN DIE VOET PIK

[Verwerk uit *https://www.everydayhealth.com*]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | Jy moet die persoon **kalmeer**. | • Kalmeer die persoon. |
| 2. | Dis waarom jy die persoon se **skoen** gou moet **uittrek**. | • Trek sy skoen uit. |
| 3. | Die **wond** sal bloei.<br>**Was** dit mooi skoon met seep en water. | • Was die wond.<br>*(Aanvaar nie 'Was dit'.)* |
| 4. | **Verbind** net die **voet** sodat dit nie kan beweeg nie. | • Verbind die voet./Moenie 'n stywe verband om die voet draai nie. |
| 5. | Daar is mense wat sê jy moet die wond **sny** om die gif uit te suig.<br>Moet dit **nie** doen nie | • Moenie die wond sny om die gif uit te suig nie.<br>*(Aanvaar nie 'Moenie dit doen nie'.)* |
| 6. | Die persoon moet **gemonitor** word. | • Monitor die persoon. |
| 7. | Probeer die persoon **by** 'n **hospitaal kry**. | • Neem die persoon hospitaal toe. |
| | **GETAL WOORDE = 185 WOORDE**<br>**(± 200 WOORDE – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 38 WOORDE**<br>**(50 – 60/65 MAKSIMUM)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:

   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word indien woordstrukture getoets word.
   - By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by ŉ meervoudigekeuse-vraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • pikswart<br>• raafswart<br>• gitswart<br>• pikgitswart<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.2 | Jy moet Plush gebruik. | 1 |
| 3.3 | soggens | 1 |
| 3.4 | • D<br>• gestereotipeer.<br>• D gestereotipeer.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.5.1 | blink | 1 |
| 3.5.2 | goed in hulle skoolwerk doen. | 1 |
| 3.6 | paar | 1 |
| 3.7 | reeks | 1 |
| 3.8 | maklikste | 1 |
| 3.9 | • Die kinders lag/glimlag.<br>• Die kinders lyk tevrede/vrolik.<br>• Die kinders stap hand aan hand.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Mavis sê vir Zandi dat die ander mense nie van taxibestuurders hou nie. | 1 |
| 4.2 | myne | 1 |
| 4.3 | • Kyk vir my/hou my dop.<br>• Kyk hier.<br>• Kyk wat gaan ek doen.<br>• Kyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die idee van kyk moet in die antwoord wees om die punt te verdien.)* | 1 |
| 4.4 | regte | 1 |
| 4.5 | (Die taxi het) skielik gestop/stilgehou.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.6 | Ek sal rustig wag/Ek gaan rustig wag. | 1 |
| 4.7 | • C<br>• goeie maniere het.<br>• C goeie maniere het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.8 | kwaad | 1 |
| 4.9 | • onveilig<br>• gevaarlik<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.10 | uitroepteken | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 5.1: LEESTEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | jaar | 1 |
| 5.1.2 | (Sy moes werk) om die gesin te help. | 1 |
| 5.1.3 | Nicole **het** elke naweek **ge**werk. | 1 |
| 5.1.4 (a) | **K**aapstad | 1 |
| 5.1.4 (b) | Sy wou **'n** prokureur word. | 1 |
| 5.1.5 | twee**de** | 1 |
| 5.1.6 | • Sy het voltyds by *Pick n Pay* begin werk **omdat** daar nie geld was om verder te studeer nie.<br>• **Omdat** daar nie geld was om verder te studeer nie, het sy voltyds by *Pick n Pay* begin werk.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.7 | • Die kers se **was** drup op die vloer.<br>• Ek **was** my klere.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.1.8 | regs-af-de-ling/regs+af+de+ling<br>*(Kandidate kan die verdeling op enige sinvolle manier aandui.)* | 1 |
| 5.1.9 | Nicole | 1 |
| 5.1.10 | Dit was **nie** maklik om te werk en te studeer **nie**. | 1 |
| 5.1.11 | ma | 1 |
| 5.1.12 | graad | 1 |
| 5.1.13 | Sy werk vandag by 'n regsfirma. | 1 |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | tafeltjie | 1 |
| 5.2.2 | op | 1 |
| 5.2.3 | waarop | 1 |
| 5.2.4 | tennisraket | 1 |
| 5.2.5 | sport | 1 |
| 5.2.6 | • slim<br>• begaafd<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | **TOTAAL** | **20** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

## VRAAG 6

## VERHAAL A: "DIE WEDLOOP" – Pirow Bekker

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | • Hoogspring<br>• 100 m (wedloop)<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.2 | • Omdat die grootmense druk op hulle uitgeoefen het, het dit vir die seuns al moeiliker geword om van atletiek te hou.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.3 | Vis en Salmon/Hulle het ...<br>• roomys geëet (voor hulle sou hardloop).<br>• die skoolterrein verlaat/na Vis se huis toe gegaan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | <br>1<br>1 |
| 6.4 | oneerlik | 1 |
| 6.5.1 | vriende | 1 |
| 6.5.2 | opponente | 1 |
| 6.6 | • Hy was kwaad vir Vis.<br>• Hy het aggressief opgetree teenoor Vis.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.7 | uit te daag | 1 |
| 6.8 | • D<br>• in homself getwyfel<br>• D in homself getwyfel<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.9 | • Salmon het sy voet gesny.<br>• 'n Bottelstuk het Salmon se voet gesny.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10 | • Salmon het probeer om op sy eie terug te gaan na die atletiekveld toe.<br>• Vis het Salmon op sy rug getel.<br>• Salmon en Vis het gehoor hoe hulle oor die luidspreker geroep word.<br>• Vis het met Salmon op sy rug tot by die atletiekveld gehardloop.<br>*(Die kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.11 | Vis het ...<br>• gesê hulle moes roomys eet.<br>• gesê hulle moes die skoolterrein verlaat/na sy huis toe gaan.<br>• gesê hulle moes by sy huis met die karretjies gaan speel.<br>• vir Salmon uitgedaag om oor die draad te spring.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.12 | Dollevaart het ...<br>• die atlete daaraan herinner dat dit net sport is.<br>• vir die atlete goeie raad gegee/vir Salmon gesê om tussen items te rus.<br>• die atlete moed ingepraat/getroos.<br>• die atlete nie gedruk om ten alle koste te wen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.13 | • Vis het nie net aan homself gedink nie/gewys dat hy vir ander omgee.<br>• Vios was onselfsugtig.<br>• Vis het nie die situasie tot sy eie voordeel gebruik nie.<br>• Vis het iemand in nood gehelp.<br>• Vis het goeie sportmangees getoon.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.14 | • Vis en Salmon het teenoor mekaar erken dat hulle nie meer van atletiek hou nie/was eerlik teenoor mekaar.<br>• Die vyandigheid tussen Vis en Salmon was uitgewoed.<br>• Nie een van die twee het die wedloop verloor nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.15 | • C<br>• Sport gaan oor baie meer as net om te wen.<br>• C Sport gaan oor baie meer as net om te wen.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

**EN**

**VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete**

**VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.16 | • Die verteller se motor was stukkend/het gebreek.<br>• Hy wou verbygaande motors se aandag trek.<br>• Daar was iets fout met sy motor./Sy motor was dood./Hy wou hulp kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.17 | • Dit het gereën.<br>• Dit was in die nag.<br>• Hulle kon hom nie goed sien nie/daar was mis/lae wolke.<br>• Dit was laat in die nag/twee-uur in die nag.<br>• Hy is bang.x<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.18 | • Die seun was nog baie jonk.<br>• Die seun kon siek word.<br>• In die mistigheid en reën kon die seun dalk raakgery word.<br>• Dis gevaarlik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.19 | geslaag het | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.20.1 | onvoorbereid | 1 |
| 6.20.2 | gewillig | 1 |
| 6.21 | Die weldoener het 'n insleepmotor (op Humansdorp) gaan haal.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.22 | die verteller se moeilike situasie kon verstaan | 1 |
| 6.23 | • D<br>• ongeduldig gemaak<br>• D ongeduldig gemaak<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.24 | • Die weldoener het verskillende dinge gedoen om die verteller te help./Die weldoener het stilgehou om te help./Die weldoener het aspirine vir die siek kind gegee.<br>• Die weldoener het nie aan homself gedink nie, maar die verteller en sy gesin gehelp.<br>• Die weldoener was self in 'n moeilike situasie, maar het nogtans sy eie tyd en geld gebruik om die verteller te help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.25 | • Die tyd het stadig verbygegaan.<br>• Die verteller was ongeduldig.<br>• Die verteller was haastig dat die insleepmotor moes kom.<br>• Die verteller was haastig om by die huis te kom.<br>• Dit het gevoel of hy lank wag.x<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)(Nie wat dit beteken nie)* | 1 |
| 6.26 | • Die drie mans het saam by die motor se enjin ingeloer.<br>• Die weldoener se bril het in stukkies gebreek.<br>• Die weldoener het in die Van Stadenspas verongeluk.<br>• Die verteller het besef hoe belangrik die weldoener se bril vir hom was.<br>*(Die kandidaat kry 1 punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.27 | • A<br>• vir mense jammer te voel.<br>• A vir mense jammer te voel.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.28 | Die verteller het aangebied om vir die weldoener se bril te betaal.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.29 | Die ware ramp was die weldoener se dood.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.30 | • Die weldoener is oorlede/dood.<br>• Die weldoener se kinders was toe sonder 'n pa.<br>• Die verteller sou altyd voel dat hy 'n aandeel in die weldoener se dood gehad het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[40]** |

**OF**

## VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1.1 | Bianca | 1 |
| 7.1.2 | Haar ouma | 1 |
| 7.2 | probeer verduidelik dat sy nie in 'n gewone skool is nie | 1 |
| 7.3 | • C<br>• wys hoe die karakter op daardie oomblik moet optree.<br>• C wys hoe die karakter op daardie oomblik moet optree.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.4 | • Hulle huis het afgebrand.<br>• Binki se hond/Dukie het doodgebrand.<br>• Binki het slegte brandwonde opgedoen.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.5 | Binki …<br>• het vir 'n lang tyd nie skool toe gegaan nie.<br>• was lank in die hospitaal.<br>• het baie skoolwerk gemis.<br>• was te skaam om in 'n koshuis te bly/tussen ander kinders te wees.<br>• het genoeg tyd gekry om in die aande haar skoolwerk te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.6.1 | • Silwerkloofstalle<br>• Die perdeplaas<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.6.2 | • C<br>• dit 'n plek was waar hy nie graag wou wees nie.<br>• C dit 'n plek was waar hy nie graag wou wees nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.7 | • Hy het gevra of sy nie 'n huis het nie.<br>• Hy het baie persoonlike vrae gevra/goed gevra wat niks met hom te doen gehad het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.8.1 | besigheidsvrou/sakevrou | 1 |
| 7.8.2 | Australië | 1 |
| 7.8.3 | Dukie | 1 |
| 7.8.4 | stalle | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.9 | • Lucky het geen troeteldiere gehad nie.<br>• Lucky het klein katjies (in die dam) verdrink.<br>• Lucky was verstom dat Binki haar lewe (in die brandende huis) gewaag het om haar hondjie te red.<br>• Lucky was verbaas dat Binki foto's van haar hondjie op haar selfoon gehou het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.10 | • Hy het gedink hulle is ryk/het baie geld.<br>• Hy stereotipeer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 1 |
| 7.11 | moeiliker | 1 |
| 7.12 | Binki was ...<br>• nie bakleierig nie.<br>• skaam/ 'n introvert/teruggetrokke.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.13 | Wilma ...<br>• het haar aangemoedig/was geduldig met haar.<br>• het Binki gemaklik/welkom by haar laat voel.<br>• het vir Binki 'n veilige plek gegee om te bly.<br>• het vir Binki probeer beskerm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.14 | • Dit het haar gedwing om te praat oor die slegte dinge wat met haar gebeur het.<br>• Dit het gehelp om die slegte dinge wat met haar gebeur het, te verwerk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.15.1 | Lucky wou nie haar selfoon vir haar teruggee nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.15.2 | • Dit was nie Lucky se foon nie.<br>• Binki kan met haar foon doen wat sy wil/dit het niks met Lucky te doen nie.<br>• 'n Selfoon/kontakte is privaat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.16 | • Sy wou die littekens bedek.<br>• Sy was skaam oor die littekens.<br>• Sy wou nie hê dat ander mense die littekens moes sien nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.17 | vrees | 1 |
| 7.18 | • Sy het nie geweet hoe om die situasie te hanteer nie.<br>• Sy het nie geweet wat Lucky sou doen/sê noudat hy die littekens gesien het nie.<br>• Sy was skaam oor haar littekens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.19.1 | gemeenskapsdiens doen | 1 |
| 7.19.2 | mooi met Binki praat | 1 |
| 7.20 | • Tyd/aandag/liefde van 'n ma<br>• 'n Ma wat regtig omgee<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.21 | • Sy het hom nie geken nie.<br>• Haar ma het haar nie van hom vertel nie.<br>• Hy was die rede hoekom haar ma haar nie vir die langnaweek sou kom haal nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.22 | Binki het geweet dat haar ma/Sabrina haar so min moontlik wou sien omdat sy vir Binki se littekens gegril het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.23.1 | Ek het gedink dat ...<br>• sy haar littekens sou probeer toemaak.<br>• sy soos gewoonlik sou doen wat ander vir haar vra/sê om te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.23.2 | • Sy het vir Sabrina "Ma" genoem.<br>• Sy het nie meer haar littekens weggesteek nie.<br>• Sy het besluit sy gaan nie meer sleg voel oor haar ma wat haar afskeep nie.<br>• Sy het haar vrees vir die perde oorkom/sy was nie meer bang vir die perde nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.24 | Daar is ma's wat ...<br>• skaam is vir hulle kinders.<br>• nie tyd vir hulle kinders het nie.<br>• hulle kinders deur ander mense laat grootmaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.25 | mekaar en hulself aanvaar | 1 |
| 7.26 | • Binki se ma het haar by Wilma afgelaai.<br>• Lucky het op Wilma se plaas aangekom om sy gemeenskapsdiens te doen.<br>• Binki het besluit om nie meer weg te kruip nie.<br>• Lucky het vir Kaizer water gegee.<br>*(Kandidaat kry een punt vir elke insident wat op die korrekte plek staan.)* | 1<br><br>1<br>1<br>1 |
| 7.27 | • C<br>• niemand se lewe sonder probleme is nie.<br>• C niemand se lewe sonder probleme is nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | **[40]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING D:**<br>**GROOTTOTAAL:** | **40**<br>**120** |

Kopiereg voorbehou